

TE MIDDE VAN MOEILIKE EKONOMIESE TOESTANDE VERSKERP SARS SY NAKOMINGSFOKUS

Tshwane, 30 Oktober 2024 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die mediumtermynbegrotingbeleidsrede (MTBBV) wat vandag deur die minister van finansies, mnr. Enoch Godongwana, ter tafel gelê is. Die minister het die 2024-Februarie-begroting se netto belastingskatting van R1 863.0 miljard na R1 840.8 miljard aangepas.

Sedert 30 September 2024, het SARS 'n bruto inkomste van R1 070.4 miljard ingevorder wat 'n netto inkomste van R846.2 miljard en R224.3 miljard in terugbetalings lewer. Die inkomste-prestering is versterk deur sterker invorderings van MIB-voorlopige belasting en laer-as-verwagte BTW- en PIT-terugbetalings. Dit is verreken deur laer-as-verwagte invorderings van doeanebelastings, LBS en die algemene brandstofheffing. Die areas wat afwaarts aangepas is sluit in:

- Die laer-as-verwagte salarisaanpassings van verlede jaar wat die nominale loonrekeningskatting van die 2024-begroting se 8.4% verminder het tot die 2024-MTBBV van 5.5%.
- Laer groei op kapitaalprojekte regoor die algemene regering, openbare korporasies en privaat sektor met bruto kapitaalformasie wat na verwagting sal afneem van die 2024-begroting se 9.5% na 5.2%.
- Afwaartse hersiening in vooruitsigte van nominale uitvoere van 5.2% na 3.5% in die 2024-MTBBV, asook nominale invoere van 6.0% tot 3.8%.
- In die 2024-begroting is 'n 13.8% groei in LBS aangeneem, gegrond op die 8.4% groei in loonrekening. LBS-invorderings se jaar-tot-op-datum in September 2024/25 het R340.0 miljard beloop - R12.0 miljard (3.4%) laer as die voorgenome skatting en R30.8 miljard (10.0%) hoër as die vorige jaar.

Die agterstand in inkomste-invorderings is gedeeltelik verreken deur sterk invorderings in MIB-voorlopige belasting van R150.2 miljard teenoor 'n verwagte R141.4 miljard, wat 'n surplus van R8.8 miljard gelewer het - 'n styging van 2.7% of R3.9 miljard teenoor verlede jaar.

- **Brandstofheffing:** 'n Jaar-op-jaar krimpings in brandstofverbruik was 'n groot kwessie in hierdie finansiële jaar. 'n Aansienlike hoeveelheid van 1 333 miljoen liter minder brandstof is gebruik, wat aan verskeie faktore toegeskryf kan word soos die laer vlakke van beurtkrag en 'n skuif jeens alternatiewe energiebronne. Die vermindering in brandstofverbruik het 'n direkte invloed op die netto brandstofheffing gehad. Dit het 'n jaar-op-jaar krimpings van 3.9% getoon wat 'n verkort van R7.2 miljard tot gevolg het.

- **Handelsbelasting:** Invoere was verwag om met 1.9% te groei. Dit het egter tot op datum met 5.1% afgeneem. Die totale handelstrome het ook met R39.2 miljard (-2.0%) afgeneem vergeleke dieselfde tydperk verlede jaar. Die algehele afname in invoere is as gevolg van lae invoerstrome van elektriese masjinerie en voertuie.
- Voorlopige MIB-invorderings van R150.2 miljard het 'n surplus van R8.8 miljard (6.2%) aangeteken, en 'n jaar-op-jaar groei van R3.9 miljard (2.7%), hoofsaaklik as gevolg van die finansiële, elektriese en vervaardigingsektore. Invorderings het bo die 2024-begroting se verwagte koers van -3.3% gegroei. Die mynbousektor bly egter aansienlike uitdagings in die gesig staar, hoofsaaklik as gevolg van wisselvallige kommoditeitspryse se uitwerking op Platinum Group Metals, steenkool en ystererts. Die prysskommeling het 'n uitwerking op die winsgewendheid van maatskappye wat tot afwaartse druk op MIB-voorlopige betalings lei. Die sektor het ook voortgesette kwessies met vervoer, logistiek en ander grensoorstekings ervaar wat vertragings en verhoogde uitvoerkostes tot gevolg gehad het.
- Ten spyte daarvan dat nagenoeg 1.3 miljoen meer skuldsake gefinaliseer is, wat amper 290% meer as die vorige jaar is, het ons skuldnakomingspogings R9.3 miljard minder opbrengste jaar-op-jaar gelewer - 'n 23.6% jaar-op-jaar krimping. SARS het noemenswaardige jaar-op-jaar verhogings in uitgestelde betalingsreëlings vir skuld, versoeke om opskorting van betaling en die uitreik van finale aanmanings aangeteken. Dit dui op die vlak van ontbering wat belastingpligtiges beleef, wat hul vermoë om hulle belastingverpligtinge na te kom negatief beïnvloed.

SARS se strategiese voorneme sal op vrywillige nakoming bly fokus, en verseker dat belastingpligtiges en handelaars helderheid en sekerheid ten opsigte van van verpligtinge het, asook die nodige hulpmiddels om maklike en vaartbelyne nakoming te fasiliteer. Daarteenoor sal SARS noemenswaardige regs- en administratiewe kostes op belastingpligtiges en handelaars lê wat opsetlik versuim om hulle verpligtinge na te kom.

Nakomingspogings lewer voortdurend sukses met die hantering van nienakoming in sekere segmente en belastingprodukte. Tot op datum het nakomingsinkomste R110.1 miljard ingevorder, wat 'n groei van R8.1 miljard (8.0%) beloop. SARS sal aanhou om sy pogings te verskerp om sigbaarheid te handhaaf en nakoming af te dwing, met planne om verder te belê in nakomingsinisiatiewe om die belastinggapings toe te maak deur verskeie belastingpligtige-segmente te teiken.

SARS Kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, het gesê: "Met die najaag van die behaling van die 2024/25-belastinginkomsteskatting van R1 840.8 miljard, sal SARS genadeloos wees in sy dryfjag om vrywillige nakoming mee te bring. Om te verseker dat tussengangers belasting oorbetaal wat hulle volgens wet namens SARS moet invorder, is krities in hierdie uitoefening. SARS is onontbeerlik gereed om op te tree teen diegene wat opsetlik en uittartend hulle wetlike verpligtinge ignoreer deur hulle ware ekonomiese status wan voor te stel. Diegene wat sulke optrede moontlik maak is ewe skuldig. Belastingpligtiges wat hulle wetlike verpligtinge afskuif, plaas 'n buite-verhouding las op eerlike belastingpligtiges. Belasting speel 'n kritiese rol in skokdemping vir die mees kwesbare en behoeftige mense in ons samelewing. Vrywillige nakoming is van onmeetbare belang in hierdie verband".

Hy het verder gesê: "SARS sal aanhou om sy bestaande administratiewe pogings te verskerp en te verdiep. Ons sal aanhou om gesofistikeerde datawetenskap en kunsmatige intelligensie te gebruik om die balans te handhaaf tussen dienslewering aan belastingpligtiges/handelaars onderwyl ons risiko's teenoor die fiskus bestuur deur oneerlike belastingpligtiges te bespeur".

"SARS sal **meer datawetenskap en kunsmatige intelligensie ontplooi** om hulle fokus te verskerp in die volgende areas van nakomingsrisiko:

- **Uitbreiding van die belastingbasis deur derdepartydatabronne:** Die gebruik van data uit beide die formele en informele sektore om die belastingbasis te verbreed.
- **Werk om alle belastingpligtiges en handelaars,** wat geregistreer behoort te wees, **deur voorspellingsmodulering te registreer** en te verseker dat hulle op eerlike wyse hulle verklaarings indien en betaal wat hulle verskuldig is, waar nodig.
- **Bou van bespeuringsvermoë** met gebruik van **masjien-aanleringsmodelle** en kunsmatige intelligensie om dienslewering aansienlik te verbeter en 'n vaartbelyne diens aan eerlike belastingpligtiges te lewer. Dit sal ook gebruik word om oneerlike belastingpligtiges te bespeur en skuldinvordering te verbeter onderwyl die belastingbasis uitgebrei word en belastingvermyding hanteer word.
- **Afdwinging van handelswette op die onwettige ekonomie (ten opsigte van doeane en aksyns):** Versterking van hulpmiddels om onwettige aktiwiteite te bespeur en te verhoed, insluitend dié wat met tabak, brandstof en onwettige finansiële strome verband hou.

- ***Fokus op dispuutvoorkoming en -oplossing:*** Die prioritisering van produkte en strategieë wat dispute voorkom wat opgelos kan word".

SARS is die nasie se skatkis: 'n Goed-funksionerende belasting- en doeane-administrasie is 'n hoeksteen vir ons lewendige demokrasie en moet nooit as van selfsprekend aanvaar word nie. SARS strewende na inkomste-stabiliteit deur toepaslike belegging in SARS en befondsingsekerheid te bewerkstellig. Uit 'n mensekapitaal perspektief, sal SARS aanhou om 'n werksmag wat toekoms-gereed is te lok, ontwikkel en handhaaf. Ons sal die leierskapsbanksterkte van SARS bou en die outonomie van die instansie beskerm.

Ten spyte van die moeilike bedryfsomgewing, verwag SARS dat die begin van 'n siklus van rentekoersbesnoeiings verbruiksbesteding sal aanspoor. Hierdie uitbreiding word verwag om ekonomiese groei aan te dryf en die belastingbasis uit te brei, wat veerkragtige korporatiewe belasting en BTW-inkomste tot gevolg sal hê. Daarby word verwag dat die tweepotstelsel die belastingbasis in die kort- tot langtermyn sal verhoog. Die 12 821 SARS-personeellede, teenoor wie ons ons innige dank uitspreek, sal aanhou om ywerig te werk om die hersiene inkomsteskatting, soos deur die minister van finansies voorgelê, te behaal.

Vir meer inligting, kontak ons by SARSMedia@sars.gov.za.